# ‘n Kaart van Suid-Afrika

## Graad 4: Geografie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kaarte verskaf inligting


<u>'n **Kaart** gee vir ons baie inligting:</u>

- 'n Kaart kan vir ons 'n gedeelte van 'n dorp of 'n land of selfs die hele wêreld aandui.
- Kaarte het kleure, simbole en sleutels om verskillende dinge of kenmerke aan te dui.
- 'n Kaart word altyd geteken sodat Noord aan die bokant daarvan is – die kompassimbool wys waar Noord op die kaart is.
- Kaarte wys vir jou hoe groot 'n area is en hoe ver dit tussen plekke is.
- Land word met bruin of groen aangedui. Water, soos oseane, riviere en mere word met blou aangedui.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Fisiese kaart

‘n **Fisiese kaart** wys vir jou waar daar natuurlike dinge soos oseane, land, woestyne, berge, riviere en mere is.




'n Fisiese kaart van suidelike Afrika.

Die rooi pyle word **kusvlaktes** genoem. Dit is waar land en see bymekaarkom.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Fisiese kaart oefening





'n Fisiese kaart van suidelike Afrika.

1. Benoem die **oseaan** oos van Suid-Afrika.
2. Benoem die **oseaan** wes van Suid-Afrika.
3. Benoem die **berge** in die ooste.
4. Benoem die **dam** op die Oranjerivier.
5. Benoem die **rivier** wat in die Indiese Oseaan uitmond.
6. Wat is die name van die **woestyne**?
7. **Riviere** vloei altyd see toe. In watter rigting vloei die Oranjerivier?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Fisiese kaart oefening

LAERSKOOL MIKRO



'n Fisiese kaart van suidelike Afrika.

1. Benoem die **oseaan** oos van Suid-Afrika. (Indiese Oseaan)
2. Benoem die **oseaan** wes van Suid-Afrika. (Atlantiese Oseaan)
3. Benoem die **berge** in die ooste. (Drakensberge)
4. Benoem die **dam** op die Oranjerivier. (Gariep-dam)
5. Benoem die **rivier** wat in die Indiese Oseaan uitmond. (Limpopo)
6. Wat is die name van die **woestyne**? (Namib en Kgalagadi)
7. **Riviere** vloei altyd see toe. In watter rigting vloei die Oranjerivier? (Oos na Wes)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Politieke kaart

'n **Politieke kaart** dui lande, provinsies, stede en dorpe aan.

- Lande is groot gebiede wat deur internasionale of begrensinge van mekaar geskei word. Suid-Afrika deel grense met ses ander lande.
- Lande word soms in provinsies verdeel. Suid-Afrika het nege provinsies. Elke provinsie het 'n hoofstad.



'n Politieke kaart van Suid-Afrika.

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Kaartwerk

LAERSKOOL MIKRO







Wêreldkaart met die 7 kontinente of vastelande



AARDBOL

Kaart van die vasteland Afrika.




Kaart van ons land Suid-Afrika.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Suid-Afrika se buurlande

Suid-Afrika het **6 buurlande**:

- Namibië
- Botswana
- Zimbabwe
- Mosambiek
- Swaziland
- Lesotho




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Grense

**Grense** is lyne wat lande en provinsies van mekaar skei.

‘n **Internasionale grens** is lyne wat ons land se provinsies van ons buurlande skei.


‘n **Provinsiale grens** is lyne tussen elke provinsie.

**Natuurlike verskynsels** soos berge en riviere kan ook deel vorm van ‘n **grens**.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Provinsies en hoofstede





Suid-Afrika het 9 provinsies:

1. Wes-Kaap
2. Noord-Kaap
3. Oos-Kaap
4. Vrystaat
5. Noord-Wes
6. Gauteng
7. Limpopo
8. Mpumalanga
9. Kwazulu-Natal

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Provinsies en hoofstede




Elke provinsie het 'n hoofstad:

1. Wes-Kaap - **Kaapstad**
2. Noord-Kaap - **Kimberley**
3. Oos-Kaap - **Bisho**
4. Vrystaat - **Bloemfontein**
5. Noord-Wes - **Mafikeng**
6. Gauteng - **Johannesburg**
7. Limpopo - **Polokwane**
8. Mpumalanga - **Mbombela**
9. Kwazulu-Natal - **Pietermaritzburg**

Laerskool Mikro Kopiereg ©